

24 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10

As die Halleluja opklink!

Die sewende Babelvisioen (Op 19:1-4) bied aan ons 'n gesig op die troon van God. Dit is so benouend dat die mag van die Babilongees mense tot hulle eie ondergang verlei. As God dan met sy oordele intree, dan juig die hemel! Tot drie maal toe klink dit: "Prys die Here."

Deur die eeue het dit gelyk of goddeloosheid en sedeloosheid oor die mense die oorhand het. Met die wederkoms van Christus breek die oorwinning finaal aan. Dan neem 'n ander lied oor: ook weer "prys die Here". Nou is daar nie blydskap omdat die vyande verslaan is nie, maar omdat die bruilof van die Lam aangebreek het.

Elke Nagmaal moet ons laat uitsien na die wonderlike bruilof. In die gelykenis van die tien meisies in Matt 25 word vertel van die verwagting na die koms van die Bruidegom. Party van die bruidsmeisies het nie olie saamgebring nie! Hulle het ook nie in die fees gedeel nie. Volgens Op 19 moet die bruid die regte klere dra: die regverdige dade van die geloof. Die Bruidegom verskaf dit.

Met Kersfees dink ons aan die engele se lofsang in die velde van Bethlehem. Maar toe was die Kindjie so swak en klein. As Hy weer kom, sing almal oor die Koningbruidegom wat al die skatte oopsluit en die heerlijkheid van die nuwe aarde aan jou gee.

Maak tog seker dat jou bruidsklere reg is.

Sing: Skrifberyming 29:8,9

Dr B Duvenage (Emeritus)